


Lees die volgende twee tekste (Jesaja 5:1-7 & Johannes 15:1-17) deeglik deur.

# JESAJA 5:1-7

“1Ek wil sing oor Hom wat ek liefhet, ek wil my liefdeslied sing oor
sy wingerd: Hy wat ek liefhet, besit 'n wingerd op 'n vrugbare
heuwel. 2Hy het die grond omgespit en die klippe verwyder, dit
beplant met veredelde wingerdstokke. Hy het 'n wagtoring daarin
gebou en 'n parskuip uitgekap. Hy het verwag dat dit goeie druiwe
sou dra, maar toe bring dit druiwe voort wat suur bly. 3En nou,
inwoners van Jerusalem en manne van Juda, beslis tog tussen My
en my wingerd. 4Wat kan Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nie
reeds gedoen het nie? Wat is dan die rede dat dit suur druiwe
voortgebring het terwyl Ek verwag het dat dit goeie druiwe sou
dra?

5Ek maak julle nou bekend wat Ek met my wingerd gaan
doen: Ek gaan die doringheining verwyder en verbrand, sy
muur afbreek, sodat die wingerd vertrap kan word. 6Ek gaan
hom tot niet maak. Hy sal nie meer gesnoei of geskoffel word
nie, maar ingeneem word deur doringbosse en onkruid. Ek
sal die wolke verbied om daarop te reën. 7Die wingerd van
die Here die Almagtige, die wingerd wat Hy geplant het en
waarin Hy Hom wou verlustig, is die Israeliete, die volk van
Juda. Die Here het verwag dat daar reg sou wees, maar daar
was net onreg, dat daar geregtigheid sou wees, maar daar
was net die hulpgeroep van veronregtes.”

# JOHANNES 15:1-17

**“1Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2Elke loot aan
My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra,
snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3Julle is alreeds reg
gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4Julle moet in My
bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die
wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. 5“Ek
is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie
vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. 6As iemand nie in My
bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense
maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.
7As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê,
en julle sal dit kry. 8My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle
baie vrugte dra en my dissipels is.**

9“Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my
liefde bly. 10As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly,
net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.
11“Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle
blydskap volkome kan wees. 12Dit is my opdrag: Julle moet mekaar
liefhê soos Ek julle liefhet. 13Niemand het groter liefde as dit nie:
dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14Julle is my vriende as julle doen
wat Ek julle beveel. 15Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie,
want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem
julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan
julle bekend gemaak het. 16Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek
het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra,
vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in
my Naam vra. 17Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

# God se sorg en voorbereiding is volledig

**Waar in die twee gedeeltes sien jy God se hand raak?**

**Is Hy aktief met die wingerd betrokke?**



**Wat beteken dit vir jou dat God betrokke is?**

**Dink jy Hy is betrokke in jou lewe?**

# Vrugte wat God verwag

**Gesels oor die twee tekste se vrug…**

**Wat is God se verwagting?**

**Hoe moet die vrug lyk?**

**Dink jy dat God ‘n verwagting mag hê oor hoe die vrug moet lyk?**

**As jy sê ja, hoekom sê jy so?**

**Wat is die verskil tussen die Jesaja en Johannes wingerde?**

**Lyk die vrug van hierdie twee wingerde anders as mens hulle met mekaar vergelyk?**

**Hoekom lyk die vrug dalk anders?**

# Gevolge van Vrugloosheid….

**Lees die twee teks gedeeltes weer.**

**Bespreek die nagevolge van vrugloosheid.**

**Hoekom is daar nagevolge as die wingerd of die lote nie vrug dra nie?**

**Hoe lyk die vrug wat jy tans in jou lewe dra?**

**Dink jy dit is die vrug wat God verwag jy moet dra?**

**Of lyk jou vrug tans anders as wat God verwag?**

# Hoe om goeie vrug te dra

**Lees die hele Johannes teksgedeelte.**

**Hoe kan jy goeie vrug ontwikkel?**

**Wat beteken dit vir jou?**

**Is dit iets wat jy vandag aktief kan begin doen?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS